Education and Sport Development

Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko

NORTH WEST PROVINCE

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

**SEPTEMBER 2019**

**PUNTE: 80**

**TYD : 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (20) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

   - Jy moet jou skryfstuk tye beplan, redigeer en proeflees.
   - Gebruik 'n kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens. vir jou beplanning.
   - Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
   - Dui die beplanning duidelik aan.
   - TREK 'N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 60 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 30 minute

7. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genommer is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor 'n prent in VRAAG 1.5 skryf.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

Skryf ŉ opstel van 200ï 250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraag nommer en die titel van die onderwerpe wat jy kies, boaan.

### VRAAG 1

### 1.1 EK WAS LAAT VIR SKOOL…

By julle skool mag julle nie laat kom nie. Een oggend was jy baie laat.
Skryf ŉ **opstel** en vertel of beskryf wat daardie oggend gebeur het.

Dink aan die volgende:

- Hoekom was jy laat?
- Wat het jy gedoen toe jy sien dat jy laat was?
- Wat het by die skool gebeur nadat jy laat daar aangekom het?
- Watter les het jy daaruit geleer? **[40]**

### 1.2 MY ROLMODEL

ŉ Rolmodel is ŉ persoon wat vir ander ŉ voorbeeld is van hoe om beter te leef of van die wêreld ŉ beter plek te maak. Hy/Sy wys die rigting aan vir ander om te volg.

Skryf ŉ **opstel** en vertel van so ŉ persoon wat jy bewonder, of waarin jy die Persoon beskryf.

Dink aan die volgende:

- Wie is jou rolmodel?
- Waarvoor is hierdie persoon bekend?
- Waarom is hierdie persoon jou rolmodel?
- Hoe het hierdie persoon jou lewe positief beïnvloed? **[40]**

### 1.3 WAAROM IS DIT VIR JÓÚ LEKKER OM NÓÚ TE LEEF?

"Dis so lekker om nóú te leef: om sjokolade te eet, oor groot T-hemde te dra, Goeters te faks en te sms, bo die wolke te vlieg ...

Skryf nou ŉ **opstel** oor alles wat dit vir jou lekker maak om nou te leef.

Dink aan die volgende:

- Wat is alles vir jou lekker?
- Hoekom is dit lekker om nou ŉ jongmens in Suid-Afrika te wees?
- Watter tyd van jou lewe is dit?
- Wat doen jy wat jou laat lekker voel?
- Hoe laat dit jou voel? **[40]**

## 1.4 SPORT IS GOED VIR 'n MENS

Sport maak ón groot verskil aan ón mens se lewe.

Skryf ón **opstel** oor die verskil wat sport aan jou lewe maak.

Dink aan die volgende:

- Hoe verbeter dit jou liggaam?
- Wat beteken sport vir jou?
- Wat het dit al vir groot sportsterre beteken?
- Watter invloed het sport op die gemeenskap? **[40]**

1.5 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n **opstel** daaroor.
Skryf die VRAAGNOMMER van die opstel neer en gee jou **opstel** NJTITEL.
Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.5.1



[Bron: www.clipart.com]

**[40]**

1.5.2



[Bron: www.alamy.com]

**[40]**

1.5.3



[Bron: www.colorbox.com]

**[40]**

1.5.4



[Bron:www.clearskyibogaine.com]

**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**

Skryf 80ï 100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerpe wat jy kies, boaan.

**VRAAG 2**

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jou beste maat se pa/ma is oorlede.

Skryf N **brief** aan jou maat waarin jy sê hoe jammer jy is, oor sy/haar verlies.

Dink aan die volgende:

- Hoe lank het jy jou maat se pa/ma geken?
- Wat onthou jy van jou maat se pa/ma?
- Watter dinge het jy saam met jou maat en die pa/ma gedoen?
- Wat kan jy doen om jou maat te help? **[20]**

2.2 **FORMELE BRIEF**

Jy het N nuwe werk gekry waar jy N beter salaris gaan verdien.

Skryf N **formele brief** aan die bestuurder waar jy nou werk om vir hom/haar te sê dat jy ander werk gekry het.
Bedank hom/haar en jou kollegas vir wat hulle vir jou gedoen het.

Gebruik die volgende adres:

Die Bestuurder
Posbus 241
Johannesburg
2000

Dink aan die volgende:

- Wat het jy by dié firma geleer het?
- Wat het jou bestuurder en jou kollegas vir jou gedoen?
- Wat jy die meeste gaan mis? **[20]**

2.3 **DIALOOG**

Jou broer het nuwe vriende wat verkeerde dinge gedoen. Jy wil hom teen hierdie vriende waarsku.

Skryf die **gesprek** tussen jy en jou broer neer.

Begin die gesprek só :

Ek: Weet jy dat jou nuwe vriende al met die polisie gebots het?

Broer: Moenie verkeerde dinge oor my nuwe vriende sê nie.

Ek : é é é é é .

Broer: é é é é é ..

**LET WEL** : Laat N reël na elke spreekbeurt oop. **[20]**

2.4 **VERSLAG**

Een van die leerders in jou klas het N selfoon gesteel. Die hoof het julle gevra om die probleem self op te los en die dief te help sodat hy/sy nie meer sal steel nie.

Skryf N **verslag** vir die hoof oor wat gebeur het en hoe julle die probleem hanteer het.

Dink aan die volgende:

- Waar en wanneer is die selfoon gesteel?
- Waar is die selfoon gekry?
- Hoe het julle die saak hanteer?
- Hoe help julle hom/haar om nie weer te steel nie? **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

**AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS**

Skryf 50-70 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

**VRAAG 3**

3.1 **PLAKKAAT**

Jou kerk gaan N᾽kerk musiek kompetisie hou vir die gemeente se kinders



[Bron:www.youtube.com]

Maak N᾽**plakkaat** om die kerk musiek kompetisie te adverteer.

Dink aan die volgende:

- Watter soort kompetisie is dit?
- Waar word dit gehou?
- Wanneer word dit gehou?
- Hoeveel is die toegangsgeld?

**LET WEL**: Punte word vir die inhoud toe geken, NIE vir versierings NIE. **[20]**

3.2 **UITNODIGING**

Jy en jou klasmaats gaan ŉ partytjie hou.




[Bron:www.googleimages.com]

Skryf ŉ **uitnodigingskaartjie** aan die bestuurder van die “Hope Centre” en nooi die straatkinders na die partytjie toe.

Dink aan die volgende:

- Waar word die partytjie gehou?
- Wanneer word dit gehou?
- Hoe laat begin die partytjie?
- Watter vermaak (speeletjies, musiek, kompetisies,ensovoorts) is daar? **[20]**

3.3 **POSKAART**

Jy is vir die ñSummer Awardsò by Sun City gekies. Jy is baie bly daaroor omdat jy die geleentheid gaan kry om vir die hele Suid-Afrika te wys dat jy kan sing. Jy is ook seker dat jy ook op die TV gaan verskyn.

Skryf NJ boodskap op NJ **poskaart** en stuur dit aan NJ maat. Vertel hom/haar dat jy toekenning gaan kry

Dink aan die volgende:

- Waar en wanneer gaan jy optree?
- Wat gaan jy sing?
- Hoe voel jy daaroor?

Bied die poskaart in die volgende formaat aan: ( teken die formaat in jou Antwoordboek oor)




**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou